Wat is die beste manier vir Apostels om die Kerk te dien? Kentekens van Apostels.

Ons sal dan al ons aandag aan gebed en die bediening van die woord bly gee. (Hand 6:4) Apostels is primêr gefokus op die AKKURATE LEER van die EVANGELIE VAN DIE KONINKRYK VAN GOD. Dis hulle eerste liefde en primêre taak, om mense te bring tot die volle begrip en kennis in Christus Jesus.

Apostels is MEESTERBOUERS. Die hoeksteen van 'n ware apostel se fondament is Christus en geen ander fondament kan gelê word as Jesus nie. (1 Kor 3:10-11 en Efe 2:20)

Apostels is in dié opsig PIONIERS want hulle hou nie van om op 'n ander man se fondasie te bou nie. (Rom 15:20)

As gestuurdes en SPESIALE BOODSKAPPERS het apostels gewoonlik 'n baie spesifieke mandaat. (Gal 2:7-8)

Apostels is meer besorg oor die VOORUITGANG VAN DIE KONINKRYK van God as net die vestiging van 'n lokale gemeente. (2 Kor 11:28)

Apostels is nie bang om te DISSIPLINEER en dinge in ORDE te bring nie. Hulle sal selfs die individu uitsonder en in die publiek aanspreek. (1 Kor 4:21; Gal 2:11; Hand 5:1-11; Hand 13:9-11) Omdat fondasies so belangrik is kan daar geen vorm van kompromie toe gelaat word nie.

Apostels is VADERS. (1 Kor 4:15; Gal 4:19)

Apostels se bediening varieer volgens die spesifieke bediening, omvang en invloed, persoonlikheid en inherente kwaliteite van die individu. Maar die volgende aspekte is kentekens van ware apostelskap:

Bereidwilligheid om te LY vir die evangelie (Kol 1:24; 1 Kor 4:9-13; 2 Kor 4:8-12; 6:4-10; 11:22-30)

en 'n absolute VASBESLOTE, amper hardkoppigheid om hul roeping te vervul. (Hand 21:4-14) Apostels is sterk leiers en leef nie op vir mense se aansien en eerbetoon nie. Hulle is partykeer so gefokus op die taak en missie dat menseverhoudinge sekondêr raak. (Hand 15:36-41)

Hulle het 'n EERSTEHANDSE ERVARING MET CHRISTUS gehad. (1 Joh 1:2-3; 1 Kor 9:1; 1 Pet 1:12; 1 Kor 15:5-8)

Apostels is soos BOU INSPEKTEURS wat gedurig gefokus is op akkuraatheid, en egtheid. Hulle fokus inherent is om seker te maak ons bou volgens God se bloudruk en plan. (2 Tim 1:13) Daarom is apostels HERVORMERS. Hulle breek, en stoot mure van tradisie van mense om, en ontbloot die antieke ortodoksie van die ware evangelie van Christus Jesus. Hulle is altyd besorg oor die groter prentjie, en die einddoel van ons geloof. Apostels is ook prakties in die uitlewing van hulle geloof en roeping. Paulus se bediening spreek praktiese "how to" kwessies aan in die kerk, en gee dan riglyne van hoe en wat gedoen moet word.

Passie vir die verwesenliking van die koninkryk van God en akkurate leerstellings.

Vrug: Die Koninkryk en Wil van God manifesteer in Kerk, mense, en gemeenskap

Die **Apostel** is die duim want hy kan aan al die ander vingers raak en gee krag aan die greep van die hand.

NT Voorbeelde van Apostels

Die 12 Mark 3:14
Paulus - Rom 1.1
Jakobus - Gal 1:19
Barnabas - Open 14:4,14
Andronicus & Junias - Rom 16:7
Silas - 1 Tes 2:6
Epaphroditus - Fil 2:25
Valse apostels - 1 Kor 15:7